**Hersieningsoefening (Hoofstuk 8)**

Lees die teks vlugtig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg:

## Toe sit die een sonder ’n toppie en die ander sonder tande

1. Baaiers en branderplankryers is dit eens: Suid-Afrika het van die wêreld se beste strande. En dis hier tussen die branders waar ons storie afspeel.
2. Volgens die eisevorm was ons kliënt met vakansie. Die son het op die goue strande gebak en die klotsende branders het gewink. Ons kliënt het oor die warm sand tot in die see getrippel.
3. Terwyl hy in die warm water baljaar het, het ’n reuse-brander hom byna **onkant betrap**. Hy moes ‘n tweede keer na sy asem snak toe hy sy kop bo die water uitsteek, want die reuse-brander het ’n mede-baaier se bikini-toppie gesteel.
4. Hy het besluit dat dit net goeie maniere sou wees om die dame daarop attent te maak en het soos ’n ware heer na haar geroep. Maar pleks van ’n ridderlike kreet, het daar ’n onaardige geluid by sy mond uitgekom.
5. Die reuse-brander het toe nie net die dame se toppie **gegaps** nie, maar ook ons kliënt se valstande.
6. Dit was nou wel ’n klein eis, maar dit herinner ons dat Suid-Afrika ’n *uitsonderlike plek* is en dat jy *uitsonderlike versekering* nodig het wat redes soek om te betaal as iets **skeefloop**.

*Met vergunning: Santam*

8.1 Haal ’n sin uit die teks aan wat bewys dat die kliënt in die verhaal nie by die huis was toe die voorval plaasgevind het nie. (1)

8.2 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die lettersimbool langs die vraagnommer neer:
“Ons kliënt het oor die warm sand tot in die see getrippel. Hy was dus ... (1)
A. moedeloos
B. beangs
C. opgewonde
D. bederf

8.3 Wat het die man beskou as goeie maniere? (1)

8.4 Paragraaf 5 bevat die kern van die storie. Verduidelik die humor in hierdie teks. (2)

8.5 Verduidelik die letterlike en figuurlike gebruik van die uitdrukking *kop bo water.* (2)

8.6 Maak ’n verklarende sin met die homofoon van “eis”. (par. 6) (1)

8.7 Skryf neer hoe die woord *baaiers* aan die einde van ’n sin afgebreek moet word. (1)

8.8 Die woorde *verseker* en *vir seker* verskil in betekenis. Verduidelik. (2)

8.9 Pas die verduideliking in Kolom B by die woorde in Kolom A. Skryf die korrekte antwoord uit Kolom B langs die vraagnommer neer. (3)

| | Kolom A | Kolom B |
|---|---|---|
| 8.9.1 | onkant betrap | |
| 8.9.2 | na sy asem snak | |
| 8.9.3 | skeefloop | |

8.10 Herlees paragraaf 4. Daar is twee woordgroepe van twee woorde elk wat die teenoorgestelde van mekaar is. Skryf die twee groepe woorde neer. (2)

8.11 Die volgende sin se woordorde is verkeerd. Skryf die sin korrek neer.
Die dame het se toppie afgeval in die water. (1)

8.12 Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm:
Iemand het die vrou se bikini die water gehaal. (1)

8.13 Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin korrek te voltooi:
*Die brander het ’n mede-baaier se bikini-toppie gesteel* is ’n voorbeeld van (’n vergelyking/ personifikasie/metafoor) (1)

8.14 Dink jy hierdie situasie is ’n voorbeeld wat *uitsonderlike versekering* benodig? Motiveer jou antwoord. (1)

Totaal: 20

**Hersieningsoefening (Hoofstuk 8)**
Memorandum

8.1 **Haal ’n sin uit die teks aan wat bewys dat die kliënt in die verhaal nie by die huis was toe die voorval plaasgevind het nie.** DV1 (1)
“Volgens die eisevorm was ons kliënt met vakansie.”

8.2 **Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die lettersimbool langs die vraagnommer neer:**
“Ons kliënt het oor die warm sand tot in die see getrippel. Hy was dus ... DV2 (1)
A. moedeloos
B. beangs
C. **opgewonde**
D. bederf

8.3 **Haal ’n sin uit die teks aan wat bewys dat die kliënt in die verhaal nie by die huis was toe die voorval plaasgevind het nie**. DV2 (1)
*“Volgens die eisevorm was ons kliënt met vakansie”*

8.4 **Paragraaf 5 bevat die kern van die storie. Verduidelik die humor in hierdie teks**. DV3 (2)
*Die man wou die dame beïndruk, maar toe kon sy nie verstaan wat hy sê nie omdat sy valstande ook in die water geval het.*

8.5 **Verduidelik die letterlike en figuurlike gebruik van die uitdrukking *kop bo water*.** DV 3(2)
*Letterlik beteken dit dat die man se kop bo die water uitgesteek het. Figuurlik beteken dit om staande te bly ten spyte van moeilike omstandighede.*

8.6 **Maak ’n verklarende sin met die homofoon van “eis”.** DV3 (par. 6) (1)
*Ek gooi ys in my koeldrank.*

8.7 **Skryf neer hoe die woord *baaiers* aan die einde van ’n sin afgebreek moet word**. DV2 (1)
*baai-ers*

8.8 **Die woorde *verseker* en *vir seker* verskil in betekenis. Verduidelik.** DV2 (2)
*Ek gaan vir seker môre saam strand toe. Ons verseker ons motor by Sanlam.*
*Vir seker = beslis Verseker= neem assuransie uit*

8.9 **Pas die verduideliking in Kolom B by die woorde in Kolom A. Skryf die korrekte antwoord uit Kolom B langs die vraagnommer neer.** DV3 (3)

| | Kolom A | Kolom B |
|---|---|---|
| 8.9.1 | onkant betrap | Onvoorbereid vang, onverwags |
| 8.9.2 | na sy asem snak | Letterlik: sukkel om asem te kry<br>Figuurlik: verbaas/verwonderd wees |
| 8.9.3 | as iets skeefloop | nie soos jy dit beplan het nie |

8.10 **Herlees paragraaf 4. Daar is twee woordgroepe van twee woorde elk wat die teenoorgestelde van mekaar is. Skryf die twee groepe woorde neer**. DV2 (2)
*ridderlike kreet onaardige geluid*

8.11 **Die volgende sin se woordorde is verkeerd. Skryf die sin korrek neer.**
Die dame het se toppie afgeval in die water. DV 1 (1)
*Die dame se toppie het in die water afgeval.*

8.12 **Skryf die volgende sin in die ontkennende vorm:**
Iemand het die vrou se bikini uit die water gehaal. DV 2 (1)
*Niemand het die vrou se bikini uit diew ater gehaal nie.*

8.13 **Kies die korrekte woord tussen hakies om die sin korrek te voltooi:**
*Die brander het ’n mede-baaier se bikini-toppie gesteel* is ’n voorbeeld van (’n vergelyking/ personifikasie/metafoor) DV2 (1)
*personifikasie*

8.14 **Dink jy hierdie situasie is ’n voorbeeld wat *uitsonderlike versekering* benodig? Motiveer jou antwoord**. DV 4 (1)
Leerder se eie mening, bv. Ja, dit is sleg om jou valstande te verloor en plaas jou in ’n moeilike posisie/die versekering help jou om weer tande te kry en so jou verleentheid weg te neem.
Nee, om jou valstande te verloor is nie ’n uitsonderlike situasie nie/dit vergelyk nie met die verlies van ’n motor of ’n huis, ens. nie

Totaal: 20